NOTE: The provision for a rebate of duty on hexabromododecane is replaced by a provision for a rebate of duty on hexabromocyclododecane, for the manufacture of synthetic resins and artificial plastics.

No. R. 2565/76 (Republiek)] [31 Desember 1976

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/491).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
307.01	Deur tariefpos No. 29.02 deur die volgende te vervang: "29.02 Heksabroomsiklododekaan	Volle reg"

OPMERKING: Die voorsiening vir 'n korting op reg op heksabroomdodekaan word vervang deur 'n voorsiening vir 'n korting op reg op heksabroomsiklododekaan, vir die vervaardiging van sintetiese harse en kunplastieke.

No. R. 2566/76 (Republic) [31 December 1976

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/202).**

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
410.03	By the deletion of tariff heading No. 41.01.	
460.11		

NOTES: 1. The provisions for a rebate of duty on bovine hides, fresh, wet salted, pickled or limed, of a f.o.b. price per kg exceeding 18,2 c and on dried bovine hides, of a f.o.b. price per kg exceeding 25,4 c, are withdrawn as these hides are now free of duty.

2. The provisions for a rebate of duty on -

- (a) polyester fibres (discontinuous), not carded, combed, or otherwise prepared for spinning,
- (b) continuous filament tow for the manufacture of polyester fibres (discontinuous),
- (c) waste (including yarn waste and pulled or garnetted rags) of polyester fibres (continuous or discontinuous), not carded, combed or otherwise prepared for spinning, and
- (d) polyester fibres (discontinuous or waste), carded, combed or otherwise prepared for spinning,

are withdrawn.

No. R. 2566/76 (Republiek) [31 Desember 1976

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/202).**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
410.03	Deur tariefpos No. 41.01 te skrap.	
460.11	Deur item 460.11 te skrap.	

OPMERKINGS: 1. Die voorsienings vir 'n korting op reg op beesrashuide, vars, natgesout, gepekel of met kalk behandel, met 'n prys v.a.b. per kg van meer as 18,2 c en op gedroogde beesrashuide, met 'n prys v.a.b. per kg van meer as 25,4 c, word ingetrek aangesien dié huide nou vry van reg is.

2. Die voorsienings vir 'n korting op reg op -

- (a) poliëstervesels (diskontinu), nie gekaard, gekam of andersins vir spin voorberei nie,
- (b) kontinufilamentpluis vir die vervaardiging van poliëstervesels (diskontinu),
- (c) afval (met inbegrip van gar-ingafval en uitgepluisde of uitgerafelde lappe) van poliëstervesels (kontinu of diskontinu), nie gekaard, gekam of andersins vir spin voorberei nie, en
- (d) poliëstervesels (diskontinu of afval), gekaard, gekam of andersins vir spin voorberei,

word ingetrek.

No. R. 2567/76 (Republic) [31 December 1976

No. R. 2567/76 (Republiek) [31 Desember 1976

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.
AMENDMENT OF REGULATIONS (NO. MR/25).**

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the regulations published in Government Notice R.1770 of 5 October 1973 are amended to the extent set out in the Schedule hereto.

Sgd. O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

By the substitution for regulation 12.06.06 of the following:

"12.06.06 The charges for special or extra attendance, except when such attendance is given in respect of any service mentioned in regulation 12.06.05 shall be four rand per officer per hour or part thereof and in addition thereto an amount of five rand if the prescribed notice of the time and date of the arrival or departure of aircraft is not given by the pilots. These charges shall be payable by means of revenue stamps."

NOTE: The charges for special or extra attendance are increased and an additional amount to be paid where aircraft pilots fail to give the required notice of time and date of arrival or departure, is prescribed.

No. R. 2568/76 (Republic) [31 December 1976

**CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.
AMENDMENT OF REGULATIONS (NO. MR/26).**

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the First Schedule to the regulations published in Government Notice R.1770 of 5 October 1973 is amended to the extent set out in the Schedule hereto.

(Sgd.) O. P. F. HORWOOD,
Minister of Finance.

SCHEDULE

1. (a) By the substitution for paragraphs 108.01.01 and 108.01.02 of the following:

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN REGULASIES (NO. MR/25).**

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1770 van 5 Oktober 1973 gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

(Get.) O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

Deur regulasie 12.06.06 deur die volgende te vervang:

"12.06.06 Die gelde vir spesiale of ekstra diens behalwe wanneer sodanige diens ten opsigte van 'n in regulasie 12.06.05 vermelde diens gelewer word, is vier rand per beampte per uur of gedeelte daarvan en daarbenewens 'n bedrag van vyf rand indien vliegtuigloodse nie die voorgeskrewe kennis van tyd en datum van aankoms of vertrek van vliegtuie gee nie. Hierdie gelde moet deur middel van inkomsteseëls betaal word."

OPMERKING: Die gelde vir spesiale of ekstra diens word verhoog en 'n bykomende bedrag wat betaal moet word waar vliegtuigloodse versuim om die vereiste kennis van tyd en datum van aankoms of vertrek te gee, word voorgeskryf.

No. R. 2568/76 (Republiek) [31 Desember 1976

**DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN REGULASIES (NO. MR/26).**

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word die Eerste Bylae by die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.1770 van 5 Oktober 1973 gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

(Get.) O. P. F. HORWOOD,
Minister van Finansies.

BYLAE

1. (a) Deur paragrawe 108.01.01 en 108.01.02 deur die volgende te vervang:

"108.01.01 Head Office — Monday to Friday:
07h45 to 13h00
and
13h30 to 16h15

108.01.02 All district offices (except Durban, Maputo, Pretoria and Richards Bay) — Monday to Friday:
08h00 to 13h00
and
13h30 to 16h30";

(b) by the substitution for paragraph 108.01.04 of the following:

"108.01.04 Maputo — Monday to Friday:
07h45 to 12h00 and
13h30 to 16h30

108.01.05 Pretoria — Monday to Friday:
07h45 to 13h00 and
13h30 to 16h15"; and

(c) by re-numbering the existing paragraph 108.01.05 as 108.01.06.

2. (a) By the substitution for paragraphs 108.02.01 and 108.02.02 of the following:

"108.02.01 Head Office — Monday to Friday:
07h45 to 12h45
and
13h30 to 16h15

108.02.02 All district offices in the Republic, South West Africa and Mozambique (except Beit Bridge, Durban, Kimberley, Komatipoort, Maputo, Ondangwa, Pietermaritzburg, Pretoria, Richards Bay, Saldanha Bay and customs and excise airports);

(b) by the substitution in paragraph 108.02.07 for "Lourenco Marques" of "Maputo";

(c) by the substitution in paragraph 108.02.08 for "Oshikango" of "Ondangwa";

(d) by the insertion after paragraph 108.02.09 of the following:

"108.02.10 Pretoria (a) For the acceptance of bills of entry (except bills of entry Monday to Friday:
08h00 to 12h30 and

"108.01.01 Hoofkantoor — Maandag tot Vrydag:
07h45 tot 13h00
en 13h30 tot 16h15

108.01.02 Alle distrikkantore (uitgesonderd Durban, Maputo, Pretoria en Richardsbaai) — Maandag tot Vrydag:
08h00 tot 13h00
en 13h30 tot 16h30";

(b) deur paragraaf 108.01.04 deur die volgende te vervang:

"108.01.04 Maputo — Maandag tot Vrydag:
07h45 tot 12h00 en
13h30 tot 16h30

108.01.05 Pretoria — Maandag tot Vrydag:
07h45 tot 13h00 en
13h30 tot 16h15"; en

(c) deur die bestaande paragraaf 108.01.05 te her-nommer na 108.01.06.

2. (a) Deur paragrawe 108.02.01 en 108.02.02 deur die volgende te vervang:

"108.02.01 Hoofkantoor — Maandag tot Vrydag:
07h45 tot 12h45
en 13h30 tot 16h15

108.02.02 Alle distrikkantore in die Republiek, SuidwesAfrika en Mosambiek (uitgesonderd Beitbrug, Durban, Kimberley, Komatipoort, Maputo, Ondangwa, Pietermaritzburg, Pretoria, Richardsbaai, Saldanhabaai en doeane-en-aksynslughawens);

(b) deur in paragraaf 108.02.07 "Lourenco Marques" deur "Maputo" te vervang;

(c) deur in paragraaf 108.02.08 "Oshikango" deur "Ondangwa" te vervang;

(d) deur na paragraaf 108.02.09 die volgende in te voeg:

"108.02.10 Pretoria (a) Vir die aanname van klaringsbriewe (uitgesonderd klarings- Maandag tot Vrydag:
08h00 tot 12h30 en

for export and forms DA 13 and DA 15) and for the receipt of duties and other revenue

13h30 to 15h00

briewe vir uitvoer en vorms DA 13, DA 14 en DA 15) en vir die ontvangs van regte en ander inkomste

13h30 tot 15h00

(b) For the acceptance of bills of entry for export and forms DA 13, DA 14 and DA 15

Monday to Friday: 07h45 to 12h30 and 13h30 to 16h15

(b) Vir die aanname van klaringsbriewe vir uitvoer en vorms DA 13, DA 14 en DA 15

Maandag tot Vrydag: 07h45 tot 12h30 en 13h30 tot 16h15

(c) For other business — Monday to Friday: 07h45 to 12h45 and 13h30 to 16h15"; and

(c) Vir ander sake Maandag tot Vrydag: 07h45 tot 12h45 en 13h30 tot 16h15"; en

(e) by re-numbering the existing paragraphs 108.02.10, 108.02.11, 108.02.12, 108.02.13, 108.02.14 and 108.02.15 as 108.02.11, 108.02.12, 108.02.13, 108.02.14, 108.02.15 and 108.02.16 respectively.

(e) deur die bestaande paragrawe 108.02.10, 108.02.11, 108.02.12, 108.02.13, 108.02.14 en 108.02.15 onderskeidelik te hernoem na 108.02.11, 108.02.12, 108.02.13, 108.02.14, 108.02.15 en 108.02.16.

NOTE: The official hours of attendance and the hours of business for Head Office and Pretoria district office are amended.

OPMERKING: Die amptelike diensure en die openbare diensure vir Hoofkantoor en Pretoria distrikkantoor word gewysig.

No. R. 1 (Republic) [7 January 1977

No. R. 1 (Republiek) [7 Januarie 1977

DEPARTMENT OF TRANSPORT:

DEPARTEMENT VAN VERVOER:

THE EYESIGHT AND MEDICAL EXAMINATION REGULATIONS, 1977.

DIE REGULASIES BETREFFENDE GESIGSVERMOËTOETSE EN MEDIESE ONDERSOEK, 1977.

The Minister of Transport has, in terms of section 356(1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951) as amended, repealed the Eyesight and Medical Examination Regulations, 1961, promulgated by Government Notice R.891 dated 27 October 1961, and has, in terms of the said section, made the regulations contained in the Schedule hereto.

Die Minister van Vervoer het, kragtens artikel 356(1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die Regulasies Betreffende Gesigsvermoëtoetse en Mediese Onderzoek, 1961, afgekondig by Goewermmentskennisgewing R.891 gedateer 27 Oktober 1961, herroep en kragtens genoemde artikel die regulasies in die Bylae hiervan vervat, uitgevaardig.

SCHEDULE

BYLAE

ARRANGEMENT OF REGULATIONS.

INHOUDSOPGAWE.

Regulation No.

Regulasie No.

1. Title of these regulations.

1. Opskrif van hierdie regulasies.

2. Interpretation.

2. Woordbetekenis.

3. Colour and form vision tests.

3. Gesigstoetse vir kleur en vorm.

- | | |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>4. Application to undergo colour and form vision tests and fee to be paid.</p> <p>5. Conducting of colour and form vision tests.</p> <p>6. Eyesight tests.</p> <p>7. Smallpox, yellow fever, and typhoid fever.</p> <p>8. Expenses connected with medical examination, vaccination and inoculation.</p> | <p>4. Aansoek om gesigstoetse vir kleur en vorm af te lê, en gelde betaalbaar.</p> <p>5. Afneem van gesigstoetse vir kleur en vorm.</p> <p>6. Gesigsvermoëtoetse.</p> <p>7. Pokkies, geelkoors en buiktifus.</p> <p>8. Koste van mediese ondersoek, inenting en inspuiting.</p> |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Bylae — Gesigstoetse vir kleur en vorm.

Annex — Colour and form vision tests.

TITLE OF THESE REGULATIONS

1. These regulations are called the Eyesight and Medical Examination Regulations, 1977.

INTERPRETATION

2. In these regulations the expression “the Act” means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, and unless the context otherwise indicates —

“examiner” means the person appointed as such under section 77(4) of the Act.

COLOUR AND FORM VISION TESTS

3. Before any person is first employed as deck cadet on a South African ship and before any person is indentured as an apprentice deck-officer to the owner of a South African ship, he shall pass the colour and form vision tests set out in the Annex.

APPLICATION TO UNDERGO COLOUR AND FORM VISION TESTS, AND FEE TO BE PAID

4. (1) Application to undergo the colour and form vision tests shall be made to the proper officer on the form approved by the Secretary, and each applicant except an applicant who is a cadet of the South African Merchant Navy Academy ‘General Botha’ or a person in the fulltime service of the State other than a person in the service of the South African Railways and Harbours Administration or a provincial administration, shall pay a fee of R1.

(2) The aforesaid fee shall be payable on each occasion on which an applicant is examined.

(3) The fee of R1 paid shall not be refunded if the applicant fails in the tests, or fails to appear at the time appointed for the test, unless he produces a medical certificate or other acceptable evidence of his inability to attend.

OPSKRIF VAN HIERDIE REGULASIES

1. Hierdie regulasies heet die Regulasies betreffende Gesigsvermoëtoetse en Mediese Ondersoek, 1977.

WOORDBETEKENIS

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking “die Wet” die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken:-

“eksaminator” die persoon wat kragtens artikel 77(4) van die Wet as sodanig aangestel word.

GESIGSTOETSE VIR KLEUR EN VORM

3. Voordat ’n persoon as dekkadet op ’n Suid-Afrikaanse skip in diens geneem word en voordat enige persoon as ’n leerlingdekkoffisier aan die eienaar van ’n Suid-Afrikaanse skip verbind word, moet hy in die gesigstoetse vir kleur en vorm, wat in die Bylae uiteengesit word, slaag.

AANSOEK OM GESIGSTOETSE VIR KLEUR EN VORM AF TE LÊ EN GELDE BETAALBAAR

4. (1) Aansoek om die gesigstoetse vir kleur en vorm af te lê, moet by die bevoegde beampte gedoen word op die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, en elke applikant, behalwe ’n applikant wat ’n kadet is van die Suid-Afrikaanse Handelsvlootakademie “Generaal Botha” of ’n persoon in die voltydse diens van die Staat behalwe ’n persoon in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie of ’n provinsiale administrasie, moet ’n bedrag van R1 betaal.

(2) Bogenoemde bedrag is betaalbaar elke keer wanneer ’n applikant getoets word.

(3) Die bedrag van R1 word nie terugbetaal indien die applikant in die toetse druij of versuim om sy opwagting te maak op die tyd wat vir die toets bepaal is nie, tensy hy ’n mediese sertifikaat of ander aanvaarbare bewys kan voorlê dat hy die toets nie kan bywoon nie.

CONDUCTING OF COLOUR AND FORM VISION TESTS

5. The colour and form vision tests shall be conducted by an examiner at places to be determined by the Secretary and at such times as may be ascertained from the examiner or proper officer.

EYESIGHT TESTS

6. (1) The eyesight tests referred to in section 101 of the Act shall conform to the standard prescribed in the Annex.

(2) A person who passes an eyesight test in terms of these regulations shall produce his record book to the proper officer in order that the fact that he has passed this test may be recorded therein.

SMALLPOX, YELLOW FEVER AND TYPHOID FEVER

7. (1) Whenever the Chief Health Officer of the Republic declares that measures to combat the quarantinable diseases of smallpox, yellow fever and typhoid fever are necessary, the owner of every South African ship shall ensure that a master, seaman or apprentice-officer employed by him complies with those measures.

(2) If the measures decided on by the Chief Health Officer in terms of subregulation (1) require vaccination or inoculation of persons, every seaman shall produce his record book to the nearest proper officer in order that the fact that he has been vaccinated or inoculated, as the case may be, may be recorded therein.

EXPENSES CONNECTED WITH MEDICAL EXAMINATION, VACCINATION AND INOCULATION

8. Every medical examination, including an eyesight test, vaccination, and inoculation made under these regulations, shall be at the expense of the owner of the ship to whom the apprentice-officer is to be indentured or is indentured or of the owner of the ship on which the master or seaman is to be employed or is employed.

ANNEX

COLOUR AND FORM VISION TESTS

INTRODUCTION

The purpose of the tests is to ensure that the candidate's eyesight is sufficiently good to enable him to see clearly and identify correctly, the lights of distant ships at sea.

AFNEEM VAN GESIGSTOETSE VIR KLEUR EN VORM

5. Gesigstoetse vir kleur en vorm moet deur 'n eksaminator afgeneem word op plekke soos deur die Sekretaris bepaal en op tye wat verneem kan word van die eksaminator of bevoegde beampte.

GESIGSVERMOËTOETSE

6. (1) Gesigsvermoëtoetse waarna verwys word in artikel 101 van die Wet moet voldoen aan die standaard soos voorgeskryf in die Bylae.

(2) 'n Persoon wat in 'n gesigsvermoëtoets kragtens hierdie regulasies slaag, moet sy verslagboek aan die bevoegde beampte voorlê sodat die feit dat hy in hierdie toets geslaag het, daarin opgeteken kan word.

POKKIES, GEELKOORS EN BUIKTIFUS

7. (1) Wanneer die Hoofgesondheidsbeampte van die Republiek 'n verklaring uitreik dat maatreëls getref moet word vir die bestryding van die siektes pokkies, geelkoors en buiktifus wat die afsondering van gevalle vereis, moet die eienaar van elke Suid-Afrikaanse skip sorg dra dat 'n gesagvoerder, seeman of leerling-offisier wat in sy diens is, daardie maatreëls nakom.

(2) Indien die maatreëls waarop die Hoofgesondheidsbeampte kragtens subregulasie (1) besluit, vereis dat persone ingeënt of ingespuut moet word, moet elke seeman sy verslagboek aan die naaste bevoegde beampte voorlê sodat die feit dat hy ingeënt of ingespuut is, na gelang van die geval, daarin opgeteken kan word.

KOSTE VAN MEDIESE ONDERSOEK, INENTING EN INSPUITING

8. Elke mediese ondersoek, met inbegrip van 'n gesigsvermoëtoets, inenting en inspuiting wat ooreenkomstig hierdie regulasies uitgevoer word, geskied op koste van die eienaar van die skip aan wie die leerling-offisier met 'n leerkontrak verbind sal word of verbind is, of van die eienaar van die skip waarop die gesagvoerder of seeman in diens geneem sal word of in diens geneem is.

BYLAE

GESIGSTOETSE VIR KLEUR EN VORM

INLEIDING

Die doel van die toetse is om te verseker dat die gesigsvermoë van die kandidaat skerp genoeg is om hom in staat te stel om in die verte die ligte van skepe ter see duidelik te sien en te identifiseer.

GENERAL

1. The tests shall be conducted under the strict personal supervision of the examiner, who shall keep a record of all mistakes made by the candidate in both the letter test and in the colour vision test.
2. A candidate shall have the option of using either eye separately or both eyes together.
3. A candidate may use aids to vision in both the letter and colour vision tests. If he does so, he shall be required to have such aids in duplicate and shall be tested in both such aids.

LETTER TEST

4. The letter test shall be conducted on Snellen's principle by means of sheets of letters. Each sheet contains 7 lines, the 5th, 6th and 7th lines corresponding to standards 5/10, 5/7,5 and 5/5 respectively.

5. *Method of testing*

(1) Artificial illumination shall be used in preference to daylight owing to the difficulty in securing uniformity where the latter is used. Where a suitable dark room is available, the test sheet shall be hung on a wall at a height of, from 150 cm to 180 cm from the floor, with two electric bulbs each of 40 watts placed horizontally and suitably screened so that the light falls directly on two lines of letters on the sheet: Provided that equivalent fluorescent lighting may be used.

(2) The test room shall be moderately illuminated and care taken that there are no glaring lights or bright objects in the candidate's field of vision. Extreme contrast between the illuminated test card and the background shall be avoided.

(3) If a suitable dark room is not available, the test sheets shall be hung on a wall at the height mentioned in subparagraph (1) in a good light, but not direct sunlight.

(4) The candidate shall be required to read the letters at a distance of 4,80 m from the eye. When he has taken up the correct position, one of the sheets shall be exposed and he shall be asked to read the letters on the sheet from left to right, beginning at the top and going downwards.

6. *Standard of vision required*

A candidate shall be required to read correctly 5 of the 6 letters in the 6th line and 4 of the 7 letters in the 7th line.

ALGEMEEN

1. Die toetse word onder strenge persoonlike toesig van die eksaminator afgeneem, wat 'n aantekening moet hou van al die foute wat deur die kandidaat in die letterasook in die gesigstoets vir kleur gemaak word.
2. Die kandidaat het die keuse om die een of ander oog afsonderlik of albei oë gesamentlik te gebruik.
3. Die kandidaat word toegelaat om gedurende beide die letter- en die kleurgestigstoetse van gesigshulpmiddels gebruik te maak. Indien hy wel van gesigshulpmiddels gebruik maak, moet hy die middels in duplo hê en moet hy in beide gesigshulpmiddels getoets word.

LETTER TOETS

4. Die lettertoets word afgeneem volgens die Snellenbeginsel deur middel van letterblaaie. Elke blad bevat 7 reëls, waarvan die 5de, 6de en 7de reël met onderskeidelik standarde 5/10, 5/7,5 en 5/5 ooreenstem.

5. *Toetsmetode*

(1) Omdat dit moeilik is om by die gebruik van daglig uniformiteit te verkry, moet by voorkeur kunsmatige verligting gebruik word. Waar geskikte donkerkamers beskikbaar is, moet die toetsblaaie 150 cm tot 180 cm hoog van die vloer af teen 'n muur gehang word, met twee elektriese gloeilampe elk van 40 watt, horisontaal aangebring, met geskikte skerms, sodat die lig regstreeks op twee letterreëls van die blad val: Met dien verstande dat ekwivalente fluoresserligte ook gebruik kan word.

(2) Die toetskamer moet matig verlig word en daar moet sorg gedra word dat daar geen skerp ligte of blink voorwerpe in die gesigsveld van die kandidaat is nie. Uiterste kontraste tussen die verligte toetskaart en die agtergrond moet vermy word.

(3) Ingeval 'n geskikte donkerkamer nie beskikbaar is nie, moet die toetsblaaie op die hoogte vermeld in subparagraaf (1) teen 'n muur in 'n goeie lig gehang word, maar nie regstreeks in die sonlig nie.

(4) Die kandidaat moet die letters op 'n distansie van 4,80 m van sy oë af lees. Wanneer hy sy korrekte posisie ingeneem het, moet een van die kaarte ontbloot word en moet hy gevra word om die letters van links na regs, van bo na onder, af te lees.

6. *Verlangde gesigstandaard*

'n Kandidaat moet 5 van die 6 letters in die 6de reël en 4 van die 7 letters in die 7de reël, korrek kan lees.

7. Passing or falling:

(1) A candidate who on any one of the first 4 sheets shown to him, reaches the standard set forth in paragraph 6, shall be deemed to have passed the letter test.

(2) If a candidate fails to reach the standard set forth in paragraph 6, he shall be deemed to have failed the letter test and shall be advised to consult an ophthalmologist.

(3) A candidate who has passed the letter test shall, and a candidate who has failed such test may, proceed to the colour vision test.

COLOUR VISION TEST

8. *Apparatus:* The colour vision test shall be conducted by means of a lantern and mirror specially provided for this purpose: Provided that the Ishihara test may be substituted for the lantern test at the discretion of the examiner. The lantern shall be placed directly in front of the mirror, so that the front part of the lantern is 300 cm from the mirror and in such a position that the lights reflected in the mirror show clearly when viewed by the candidate on the left of the lantern.

9. Method of testing:

(1) The test by means of the lantern shall be conducted in a room so darkened as to exclude all light. If the candidate makes a mistake at the beginning of the test, he shall be kept in a completely or partially darkened room for at least a quarter of an hour and shall then begin the test again.

(2) At the beginning of the test by means of the lantern, the candidate shall be shown a series of lights through the large aperture and he shall be required to name the colours as they appear. In showing the white lights, it shall be emphasised that this light is not a pure white. If the candidate makes a mistake in calling this light "red" a proper red light shall be shown immediately after and his attention directed to the difference between the two. After a series of lights through the large aperture has been shown, two complete circuits and one broken circuit with the two small apertures shall be made, the candidate naming the colours of each set of two lights from left to right.

(3) The Ishihara test shall be conducted as laid down in the manual relating thereto. The candidate shall be tested on plates numbered 1 to 21.

7. Slaag of druip

(1) 'n Kandidaat wat daarin slaag om die standaard uiteengesit in paragraaf 6 te bereik wanneer enige van die eerste 4 blaaie aan hom getoon word, word geag in die lettertoets te geslaag het.

(2) Indien 'n kandidaat, nie die standaard bereik soos uitgesit in paragraaf 6 nie, word geag dat hy in die lettertoets gedruip het en moet aangeraai word om 'n oogarts te raadpleeg.

(3) 'n Kandidaat wat in die lettertoets geslaag het, moet, en 'n kandidaat wat nie in die toets geslaag het nie kan aangaan na die gesigstoets vir kleur.

GESIGSTOETS VIR KLEUR

8. *Toestel:* Die gesigstoets vir kleur moet afgeneem word deur middel van 'n lantern en 'n spieël wat spesiaal vir hierdie doel verskaf word: Met dien verstande dat hierdie toets vervang kan word deur die Ishihara-toets al na gelang die eksaminator mag besluit. Die lantern moet direk voor die spieël geplaas word, sodat die voorkant van die lantern 300 cm van die spieël af is en in so 'n posisie dat die ligte wat in die spieël weerkaats word duidelik sigbaar is vir die kandidaat wanneer hy van die linkerkant van die lantern kyk.

9. Metode van toetsing

(1) Die toets deur middel van die lantern moet uitgevoer word in 'n kamer wat so verdonker is dat alle lig uitgesluit is. Indien die kandidaat 'n fout begaan aan die begin van die toets moet hy in 'n totaal verdonkerde of deels verdonkerde vertrek gehou word vir ten minste 'n kwartier en daarna moet die toets weer begin.

(2) Aan die begin van die toets deur middel van die lantern moet die kandidaat 'n reeks ligte getoon word deur die groot opening en van hom moet verlang word om al die kleure op te noem soos hulle verskyn. By die vertoning van die wit lig moet benadruk word dat hierdie lig nie suiwer wit is nie. As die kandidaat 'n fout maak en dit 'n "rooi" lig noem, moet daar dadelik 'n regte rooi lig getoon word en sy aandag moet dan op die onderskeid tussen die twee ligte gevestig word. Nadat 'n reeks ligte deur die groot opening getoon is, moet daar twee volledige kringlope en een onderbroke kringloop met die twee klein openinge gedoen word en die kleure van elke stel van twee ligte moet van links na regs deur die kandidaat genoem word.

(3) Die Ishihara-toets moet uitgevoer word soos omskrywe word in die handleiding wat dit uiteensit. Die kandidaat moet getoets word op die blaaie genummer 1 tot 21.

10. Passing or failing:

(1) A candidate who makes no mistakes in the test conducted by means of the lantern or who, when reading the small aperture lights, confuses green-white or red-white not more than six times in three complete circuits, shall be deemed to have passed the colour vision test.

(2) If at any stage of the test conducted by means of the lantern, the candidate mistakes red for green or vice versa, he shall be deemed to have failed the colour vision test.

(3) Where the Ishihara test is substituted for the test conducted by means of the lantern, and the candidate satisfies the examiner in the former test that his colour vision is normal, he shall be deemed to have passed the colour vision test.

RESULTS OF TEST TO BE RECORDED

11. The result in each of the tests shall be recorded on the relative form by the examiner and the result of the tests shall be conveyed to the candidate.

No. R. 12 (Republic)

[7 January 1977]

**DEPARTMENT OF FINANCE:
EXCHANGE CONTROL REGULATIONS —
APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER.**

Paragraph 3 (a) of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961, as amended under Government Notices R. 1212 of 15 December 1961, R. 512 of 30 March 1962, R. 691 of 10 May 1963, R. 1223 of 9 August 1963, R. 1922 of 13 December 1963, R. 940 of 26 June 1964, R. 1181 of 13 August 1965, R. 1778 of 12 November 1965, R. 1961 of 10 December 1965, R. 85 of 20 January 1967, R. 230 of 24 February 1967, R. 801 of 16 May 1969, R. 1012 of 20 June 1969, R. 3114 of 15 August 1969, R. 1011 of 18 June 1971, R. 1976 of 29 October 1971, R. 2314 of 24 December 1971, R. 423 of 24 March 1972, R. 1339 of 4 August 1972, R. 1767 of 6 October 1972, R. 166 of 9 February 1973, R. 299 of 2 March 1973, R. 2231 of 30 November 1973, R. 1601 of 13 September 1974, R. 83 of 10 January 1975, R. 787 of 14 May 1976 and R. 2029 of 29 October 1976, is hereby further amended as follows, with effect from 1 October 1976:

(a) By the deletion of the designation Nefic Acceptances Limited; and

(b) by the addition of Bankovs Merchant Bank Limited, to the list of authorised dealers for the purpose of the Exchange Control Regulations published under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961.

10. Slaag of druip

(1) 'n Kandidaat wat geen foute maak in die toets wat met 'n lantern uitgevoer word nie, of wat, wanneer by deur die klein opening kyk die groen-wit of rooi-wit ligte nie meer as ses keer in drie volledige kringlope verwar nie, word geag in die gesigstoets vir kleur te geslaag het.

(2) Indien die kandidaat gedurende enige stadium van die toets deur middel van die lantern, die rooi vir groen of groen vir rooi aansien, word beskou dat hy in die gesigstoets vir kleur gedruip het.

(3) Waar die gesigstoets deur middel van die lantern vervang word deur die Ishihara-toets en die kandidaat die eksaminator oortuig in laasgenoemde toets dat sy gesig vir kleur normaal is, word beskou dat hy in die gesigstoets vir kleur geslaag het.

UITSLAE VAN GESIGSTOETSE MOET AANGETEKEN WORD

11. Daar moet 'n aantekening van die uitslag van elke toets op die toepaslike vorm deur die eksaminator gehou word en die uitslag van die toetse moet aan die kandidaat oorgedra word.

No. R. 12 (Republiek)

[7 Januarie 1977]

**DEPARTEMENT VAN FINANSIES:
DEVIESEBEHEERREGULASIES — AANSTEL-
LING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR.**

Paragraaf 3 (a) van Goewermentskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.1212 van 15 Desember 1961, R.512 van 30 Maart 1962, R. 691 van 10 Mei 1963, R. 1223 van 9 Augustus 1963, R. 1922 van 13 Desember 1963, R. 940 van 26 Junie 1964, R. 1181 van 13 Augustus 1965, R. 1778 van 12 November 1965, R. 1961 van 10 Desember 1965, R. 85 van 20 Januarie 1967, R. 230 van 24 Februarie 1967, R. 801 van 16 Mei 1969, R. 1012 van 20 Junie 1969, R. 3114 van 15 Augustus 1969, R. 1011 van 18 Junie 1971, R. 1976 van 29 Oktober 1971, R. 2314 van 24 Desember 1971, R. 423 van 24 Maart 1972, R. 1339 van 4 Augustus 1972, R. 1767 van 6 Oktober 1972, R. 166 van 9 Februarie 1973, R. 299 van 2 Maart 1973, R. 2231 van 30 November 1973, R. 1601 van 13 September 1974, R. 83 van 10 Januarie 1975, R. 787 van 14 Mei 1976 en R. 2029 van 29 Oktober 1976 word hierby met ingang vanaf 1 Oktober 1976, verder as volg gewysig:

(a) Deur die benaming Nefic Aksepbank Beperk te skrap; en

(b) deur die toevoeging van Bankovs Aksepbank Beperk, by die lys van gemagtigde handelaars vir die doeleindes van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961.

General Notices:

(No. 1 of 1977)

GROOTFONTEIN : TOWN PLANNING SCHEME.

It is hereby notified in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the town planning scheme of Grootfontein has been submitted to the Executive Committee for its approval.

Copies of the town planning scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection at the Town Clerk's Office at Grootfontein and also in room 512, Administration Buildings, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the town planning scheme should lodge his objections in writing with the Secretary, South West Africa Planning Advisory Board, Private Bag 13186, Windhoek on or before 17th February 1977.

E. NEL
Secretary : SWABAR

Algemene Kennisgewings:

(No. 1 van 1977)

GROOTFONTEIN: DORPSBEPLANNING-SKEMA.

Kennis geskied hierby kragtens artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die dorpsbeplanningskema van Grootfontein aan die Uitvoerende Komitee vir goedkeuring voorgelê is.

Eksemplare van die dorpsbeplanningskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk te Grootfontein en ook in kantoor 512, Administrasiegebou Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die goedkeuring van die dorpsbeplanningskema moet sy beswaar skriftelik voor of op 17 Februarie 1977 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsraad, Privaatsak 13186, Windhoek, indien.

E. NEL
Sekretaris: SWABAR

Advertisements**ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA**

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

Advertensies**ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA**

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5,00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 10 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

Type	Charge
1. Transfer of business	R2,50
2. Meeting of Sheriff	R2,50
3. Declaration of dividend	R2,50
4. Lost policy/deed/bond	R2,50
5. Sale in execution — Supreme Court	R4,00

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm)

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5,00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeïd vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 10 c per eksemplaar. Eksemplare word vir siegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

Tipe	Tarief
1. Oordrag van besigheid.....	R2,50
2. Vergadering van Balju.....	R2,50
3. Verklaring van dividend.....	R2,50
4. Verlore polis/akte/verband	R2,50
5. Regsveulings — Hooggeregshof.....	R4,00

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 35 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Kennis geskied hiermee dat, veertien dae na die publikasie hiervoor aansoek gedoen sal word by die Landdros te Rehoboth vir die oordrag van 'n Slagterslissensie vanaf mnr. J. D. Isaacs wie handel gedrywe het onder die handelsnaam van H. van Wyk Slagtery, aan Pieter Jacobus Mouton en George Patric Esterhuizen, wie handel sal drywe onder handelsnaam H. van Wyk Slagtery op dieselfte perseel van Erf No. 104 Rehoboth.

LOST OR DESTROYED LIFE POLICIES.

NAME AND ADDRESS OF INSURER	POLICY NUMBER	DATE EFFECTED	AMOUNT INSURED	LIFE INSURED	POLICY OWNER.
The Prudential Assurance Co. Ltd., P.O. Box 1097, JOHANNESBURG. 2000.	8106452	9/1967	R10,000	KARL FRIEDRICH ERNSTING	KARL FRIEDRICH ERNSTING.

Vorm/Form VL

Tarief/Rate R1,20

LOST LIFE ASSURANCE POLICIES

(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE

(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet no. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees) aan die eienaars uitgereik word ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet.

Polisnommer Policy Number	Datum van polis Date of policy	Versekerde bedrag Sum assured	Versekerde Lewe Life Assured	Eienaar, indien nie die Versekerde Lewe nie. Owner if other than Life Assured.
769298 633182	JAN 0172 APR 0166	R1000 R5000	J. GAROËS E M A THERON	

Naam en adres van Versekeeraar: AFRICAN EAGLE-LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP BEPERK POSBUS 1114 JOHANNESBURG 2000

Name and address of Assurer: AFRICAN EAGLE LIFE ASSURANCE SOCIETY LTD. P.O. BOX 1114 JOHANNESBURG 2000

Datum/DateVerw./Ref. K

Kennisgewing vir publikasie in die Staatskoerant op
Notice for publication in the Government Gazette on

Ink. seël Rev. stamp	Ink. seël Rev. stamp	Ink. seël Rev. stamp
-------------------------	-------------------------	-------------------------

Handwritten text in the top left section, appearing as a list or series of notes.

Handwritten text in the top right section, continuing the notes or list.

Handwritten text in the middle left section, possibly a separate entry or continuation.

Handwritten text in the middle right section, continuing the notes.

Handwritten text in the bottom left section, appearing as a list or series of notes.

Handwritten text in the bottom right section, continuing the notes or list.